

# Die Evangelie volgens Markus

## Hoofstuk 1

1 Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só:

### Die optrede van Johannes die Doper
### (Matt. 3:1-12; Luk. 3:1-18; Joh. 1:19-28)

2 In die boek van die profeet Jesaja staan daar geskrywe:
“Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit.
Hy sal die pad vir jou regmaak.
3 Iemand roep in die woestyn:
Maak die pad vir die Here gereed,
maak die paaie vir Hom reguit.”
4 Só het Johannes die Doper in die woestyn opgetree. Hy het verkondig: Bekeer julle
en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe. 5 Die hele landstreek van Judea
en al die inwoners van Jerusalem het na hom toe gestroom. Hulle het hulle sondes
bely en is deur hom in die Jordaanrivier gedoop.
6 Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy het
van sprinkane en veldheuning gelewe. 7 Hy het gepreek en gesê: “Die Een wat ná
my kom, is my meerdere. Ek is nie eers werd om te buk en sy skoene los te maak
nie. 8 Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees
doop.”

### Jesus word gedoop
### (Matt. 3:13-17; Luk. 3:21-22; Joh. 1:29-34)

9 Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur
Johannes in die Jordaan gedoop. 10 Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel

sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal. [11] Daar was ook 'n
stem uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My.”

### Jesus word versoek
### (Matt. 4:1-11; Luk. 4:1-13)

[12] Net daarna het die Gees Hom weggevat die woestyn in, [13] waar Hy veertig dae
lank gebly het en deur die Satan versoek is. Jesus was daar saam met die wilde
diere, en die engele het Hom versorg.

### Jesus begin preek
### (Matt. 4:12-17; Luk. 4:14-15)

[14] Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die
evangelie van God verkondig. [15] Hy het gesê: “Die tyd het aangebreek, en die
koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.”

### Jesus roep sy eerste dissipels
### (Matt. 4:18-22; Luk. 5:1-11)

[16] Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, het Hy vir Simon en Simon se
broer Andreas gesien waar hulle besig was om werpnette in die see uit te gooi. Hulle
was vissers van beroep. [17] Hy het toe vir hulle gesê: “Kom hier! Kom saam met My,
en Ek sal julle vissers van mense maak.”
[18] Onmiddellik het hulle die nette gelos en Hom gevolg.
[19] Toe Hy 'n entjie verder gaan, het Hy vir Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer
Johannes gesien waar hulle in die skuit besig was om hulle nette reg te maak, [20] en
dadelik het Hy hulle geroep. Hulle het hulle pa, Sebedeus, net so saam met die
loonarbeiders in die skuit gelaat en saam met Jesus gegaan.

### Die besetene in Kapernaum
### (Luk. 4:31-37)

[21] Hulle het in Kapernaum gekom. Toe die sabbatdag aanbreek, het Jesus reguit na
die sinagoge toe gegaan en die mense daar begin leer. [22] Hulle was verstom oor sy
leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes
nie.

23 Op daardie oomblik was daar in hulle sinagoge 'n man wat van 'n onrein gees
besete was. Hy het uitgeskreeu: 24 “Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret?
Het U gekom om ons te verdelg? Ek weet goed wie U is; U is die Heilige van God!”
25 Maar Jesus het hom skerp aangespreek: “Bly stil en gaan uit hom uit.”
26 Die onrein gees het die man stuiptrekkings laat kry, hard geskreeu en toe uit hom
uitgegaan. 27 Almal was so verbaas dat hulle onder mekaar geredeneer en gesê het:
“Wat gaan hier aan? Dit is 'n nuwe leer, en dit kom met gesag! Hy gebied selfs die
onrein geeste, en hulle gehoorsaam hom.”
28 En dit was nie lank nie of daar is in Galilea oral in die hele omgewing oor Hom
gepraat.

### Die genesing van Petrus se skoonmoeder
### (Matt. 8:14-15; Luk. 4:38-39)

29 Toe die mense uit die sinagoge kom, het hulle saam met Jakobus en Johannes
reguit na die huis van Simon en Andreas toe gegaan. 30 Die skoonmoeder van
Simon het daar met 'n hoë koors siek gelê, en hulle het Hom dadelik van haar vertel.
31 Hy het na haar toe gegaan, haar hand gevat en haar regop gehelp. Toe het die
koors haar verlaat, en sy het hulle bedien.

### Nog genesings en voortgaande prediking
### (Matt. 8:16-17; 4:23; Luk. 4:40-44)

32 Toe dit aand geword het en die son al onder was, het die mense al die siekes en
dié wat in die mag van bose geeste was, na Hom toe gebring. 33 Die hele dorp het by
die deur van die huis saamgedrom. 34 Hy het baie siekes wat allerhande kwale
gehad het, gesond gemaak en baie bose geeste uitgedrywe. Hy het die bose geeste
nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle geweet het wie Hy is.
35 Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n
eensame plek en daar gebid. 36 Simon en dié wat by hom was, het Hom egter
gesoek, 37 en toe hulle Hom kry, sê hulle vir Hom: “Almal soek U.”
38 Maar Hy antwoord hulle: “Laat ons êrens anders heen gaan, na die nabygeleë
dorpies toe, sodat Ek daar ook kan preek, want daarvoor het Ek gekom.”
39 Hy het toe gegaan en dwarsdeur Galilea in hulle sinagoges gepreek en bose
geeste uitgedrywe.

### Die genesing van 'n melaatse man

### (Matt. 8:1-4; Luk. 5:12-16)

40 Daar kom toe 'n melaatse man na Hom toe wat smekend op sy knieë voor Hom neerval en vir Hom sê: “As U wil, kan U my gesond maak.”

41 Jesus het hom jammer gekry, sy hand uitgesteek en hom aangeraak. Hy sê toe vir hom: “Ek wil. Word gesond!”

42 Sy melaatsheid het onmiddellik verdwyn en hy het gesond geword. 43 Jesus het
hom dadelik weggestuur, nadat Hy hom ernstig aangespreek 44 en vir hom gesê het:
“Moet vir niemand iets hiervan vertel nie, maar gaan wys jou vir die priester en bring die offers vir jou reiniging wat Moses voorgeskrywe het. Dit sal vir die mense die bewys wees dat jy rein geword het.”

45 Hy het egter gegaan en dit wyd en syd begin verkondig en dit oral geloop en vertel. Daarom kon Jesus nie meer openlik in 'n dorp kom nie en het Hy gewoonlik buite in die oop veld gebly. Tog het die mense van alle kante af na Hom toe gekom.

## A. VOORBEREIDING VAN JESUS, DIE SEUN VAN GOD (1;1-13)

**1:1** Dit is doodnatuurlik dat 'n mens graag iemand anders daarvan wil vertel as jy 'n groot en opwindende gebeurtenis beleef het. As jy dit oorvertel, is dit asof jy weer daardie opwinding beleef. Ons kan reeds uit Markus se eerste woorde aflei dat hy opgewonde is. Stel jou voordat ons deel van die skare om Jesus is en sien hoe Hy leer en gesond maak. Leef jou weer in, in die verhaal van Markus en word deel daarvan.

**1:1** Markus was nie een van Jesus se twaalf dissipels nie, maar hy het Jesus waarskynlik goed geken omdat sy ma se huis 'n bymekaarkomplek van Jesus en die dissipels was. Sy Evangelie neem die vorm aan van 'n verhaal waarin die gebeure mekaar vinnig opvolg, byna soos in 'n storie. Sy verhaal is op pad Golgota toe. In hierdie boek leer ons Jesus ken as 'n man wie se dade krag aan sy woorde verleen. Ons sien ook dat sy dade deurgaans sy identiteit as Seun van God gerugsteun het. Markus se boek is aan die Christene in Rome, 'n stad met baie afgode, gerig. Hy wou hulle laat verstaan dat Jesus die ware Seun van die enigste God is.

**1:2** Hoekom het Jesus juis op hiérdie tydstip in die geskiedenis aarde toe gekom? Rome het oor feitlik die hele beskawing van destyds geheers. Daar was vrede, die

sogenaamde *pax Romana*, dit was maklik om te reis en 'n gemeenskaplike taal is dwars deur die Romeinse Ryk gepraat. Die nuus van Jesus se lewe, dood en opstanding kon dus vinnig deur die hele Romeinse Ryk versprei.

Ook in Israel was die gewone mense gereed vir Jesus se koms.
Daar het reeds ongeveer 400 jaar verloop sedert die laaste beriggewing volgens die Ou Testament en gedurende dié vier eeue het die stem van die profete in Israel stil geword. Daar was dus volgens die Joodse verwagtings 'n groot afwagting dat daar binnekort 'n groot profeet sou kom as voorloper van die koninkryk van God waarvan die Ou-Testamentiese profete voorspel het(sien Luk 3:15).

**1:2-3** Jesaja was een van die bekendste profete van die Ou Testament. Die tweede helfte van die boek Jesaja word gewy aan die belofte van verlossing.  Jesaja het vertel van Iemand wat sou kom om God se  verlossing te bewerk en ook van die boodskapper wat sy aankoms sou aankondig (vgl. Mal 3:1). Johannes se berisping dat die mense die “paaie" vir God "reguit" moes maak, het eintlik beteken dat hulle moes afsien van hulle selfsug, die rug op die sonde moes keer e om vergifnis moes vra. Hulle moes ook in 'n lewende verhouding met almagtige God staan deur in Hom te glo en gehoorsaam te wees aan sy woorde soos 'hulle in die Skrif opgeteken staan (Jes. 1:18-20; 40:3; 57:15).

**1:2-3** Hierdie aanhaling is saamgestel uit Maleagi 3:1 en Jesaja 40:3. Die woorde van Jesaja word eerste aangehaal, aangesien dit gebruik was om die woorde van die invloedrykste profeet eerste aan te haal.

**1:2-3** Die profeet Jesaja het honderde jare tevore al voorspel dat 'n boodskapper sou kom om die pad van die Here vir sy koms reg te maak. Hoe het hy dit geweet? Die Here het hom belowe dat daar 'n Verlosser na Israel sou kom, en dat sy koms aangekondig sou word deur 'n stem wat roep in die woestyn. Jesaja se woorde was vir baie mense 'n vertroosting terwyl hulle op die koms van uitredding gewag het. Ons moet ook daaraan vashou dat die Here sy beloftes nakom.

**1:4** Hoekom begin Markus sy Evangelie met die verhaal van Johannes die Doper en nie met Jesus se geboorte nie? In daardie tyd het boodskappers of aankondigers

altyd voor belangrike Romeinse amptenare na die dorpe en stede toe gegaan. As hulle die boodskapper sien, het die mense dus geweet dat daar 'n belangrike persoon op pad was. As ons in gedagte hou dat Markus hom hoofsaaklik tot die Christene in Rome gerig het, is dit te verstane waarom hy by Johannes die Doper, die aankondiger of boodskapper begin. Hy is immers die man wat Jesus, die belangrikste persoon wat ooit geleef het, se koms moes voorspel. Die Christene in Rome sou nie soveel in Jesus se geboorte belang gestel het as in hierdie boodskapper nie. By die Romeine sowel as by die Jode het Markus se verhaal verwagtings gewek.

**1:4** Johannes het besluit om in die woestyn te bly. Die woestyn was die plek wat Godverlate is en waar die Satan bewind voer en het dus die toestand van die volk versinnebeeld. Die volk moet hom tot God bekeer en wegbreek uit dié toestand van sonde.

**1:4** Die doop was in Johannes se bediening die sigbare teken dat 'n mens besluit het om jou lewe te verander, af te sien van jou selfsugtige en sondige lewe, en jou tot God bekeer het. Johannes het 'n nuwe betekenis aan 'n ou gebruik gegee. Die Jode het dikwels nie-Jode wat die Judaïsme aangeneem het, gedoop. Maar om skielik die *Jode* te doop as teken van sondeberou, was heeltemal 'n afwyking van die Joodse gebruik. Die vroeë kerk het die doop nog 'n stap verder geneem, want hulle het dit in verband gebring met Jesus se dood en opstanding(vgl. bv 1 Pet 3:21).

**1:5** Baie Jode het hulle laat doop as teken dat hulle hulle tot God bekeer het.

**1:6** Johannes se klere het heeltemal anders gelyk as dié van ander mense. Sy kleredrag het hulle herinner aan dié van die profeet Elia (2 Kon 1:8), want hy wou sigbaar onderskei word van die geestelike leiers. Hulle lang klere was ook 'n teken van hulle hoogmoed en bewustheid van hulle posisies. Johannes se klere was net so opvallend anders as sy boodskap.

**1:7,8** Hoewel Johannes die eerste ware profeet in 400 jaar was, sou Jesus, die Messias, oneindig groter as hy wees. Johannes wou aan die mense verduidelik hoe onbelangrik hy was in vergelyking met die Een wat na hom sou kom. Hy was nie

eers werd om die nederigste takie - soos skoene losmaak - vir Hom te doen nie. Jesus het afgehandel wat Johannes begin het. Jesus het vervul wat Johannes voorberei het.

**1:8** Johannes het reeds gesê dat Jesus met die Heilige Gees sou doop. Hy sou die Heilige Gees stuur om by elke gelowige te bly. Johannes se doop met water het die mense voorberei om Jesus se boodskap te ontvang. Dit was 'n teken van bekering en die bereidheid om van die sonde af weg te keer. Dit was die begin van die geestelike proses. Johannes se doop met water kon egter nie mense se sondes wegneem nie. Die Een wat na hom sou kom, sou mense deur die Heilige Gees reinig.
Wanneer Jesus die Heilige Gees in 'n mens se hart inplant, word jy geheel en al deur die krag van die Gees verander. Dit is die teken dat Jesus se werk in 'n mens plaasvind.

**1:9** As Johannes se doop nét op sondeberou gedui het, hoekom het Jesus Hom laat doop? Anders as selfs die belangrikste van al die profete (Jesaja, Jeremia en Esegiël) het Jesus nie nodig gehad om énige sonde te bely nie. Hy was immers sondeloos. Al was dit onnodig, is Jesus om die volgende redes gedoop:
(1) as bevestiging van sy amptelike verbintenis tot die verkondiging van die verlossingsboodskap aan alle mense;
(2) as teken dat Hy waarlik die Seun van God is en dat God sy werk goedgekeur en Hom gestuur het;
(3) sodat Hy amptelik met sy openbare werk kon begin; en
(4) om Hom met ons menslikheid en sonde te identifiseer. Jesus se doop was anders as enige doop in enige Christelike kerk.

**1:9** Jesus het in Nasaret grootgeword. Hy het reeds as seuntjie daar gewoon (Matt 2:22, 23). Nasaret was 'n klein dorpie in Galilea, omtrent halfpad tussen die See van Galilea en die Middellandse See. Dit was 'n Romeinse militêre buitepos, en daarom is dit deur baie Jode verag en vermy. Die Jode het die Romeine gehaat omdat hulle hulle gedwing het om belasting te betaal, en nie die nodige respek vir God gehad het nie.

**1:10-11** Die Heilige Gees het soos 'n duif op Jesus neergedaal en 'n stem het uit die hemel bevestig dat Jesus die Seun van God die Vader is. Dit herinner aan die gebeure wanneer 'n koning sy koningskap aanvaar (vgl. Ps. 2:7). Al drie Persone van die Drie-eenheid is dus hier teenwoordig: die Vader, die Seun én die Heilige Gees.

**1:12-13** Jesus gaan onmiddellik na die woestyn toe om die stryd teen Satan aan te sê. Dit is immers waarvoor Hy gekom het: om Satan te oorwin.

**1:12-13** Satan is 'n engel wat teen God in opstand gekom het. Hy is voortdurend in 'n hewige stryd gewikkel met God en almal wat aan Hom behoort. Hy het Eva in die tuin van Eden versoek en haar sover gekry om sonde te doen. Dit was ook hy wat Jesus in die woestyn versoek het, maar hy kon Hom nie laat sondig nie. Dit is nie sonde om versoek te word nie. Dit is egter wél 'n sonde om toe te gee aan versoeking, of ander mense in die versoeking te bring. Matteus 4:1-11 gee 'n meer volledige beskrywing van Jesus se versoeking.

**1:12-13** Jesus moes deur die Satan versoek word, sodat Hy volkome met die mens kan identifiseer. Aangesien Hy ook versoek is, maar nie daardeur tot die sonde oorgehaal is nie, kan Hy ons nou op twee maniere help.
(1) Hy is vir ons 'n voorbeeld van hoe ons teen versoeking weerstand moet bied; en
(2) as ons Helper weet Hy presies wat ons nodig het, want Hy is net soos ons versoek, (Vgl. Heb 4:15-16 vir meer inligting omtrent Jesus en versoeking.)

## B. BOODSKAP EN BEDIENING VAN JESUS. DIE DIENSKNEG (1:14-13:37)

### 1. Jesus se bediening in Galilea

**1:14-15** Die goeie boodskap van God is dat die heerskappy van God oor die Bose nou deur Jesus se bediening en woorde aangebreek het. God se heerskappy word nou sigbaar. Daarom moet mense hulle bekeer en die goeie boodskap ten volle aanvaar.

**1:16** Die vissersbedryf was een van die belangrikste bedrywe in die omgewing van die See van Galilea. Die meeste vissers het van nette gebruik gemaak. Kapernaum,

waarvandaan Jesus gewerk het (Matt 4:12, 13), was die grootste van die meer as 30 vissersdorpe om die see van Galilea.

**1:16-20** Ons dink gewoonlik dat Jesus se dissipels sommer van die begin af diep gelowig was. Hulle moes egter ook maar soos alle ander gelowiges geroep word om burgers van God se koninkryk te word en in die geloof te groei (Mark 14:48-50, 66-72; Joh. 14:1-9; 20:26-29).
Hierdie was blykbaar nie die enigste keer wat Jesus vir Petrus, Jakobus en Johannes geroep het om Hom te volg nie (vgl. Luk 5:1-11 en Joh. 1:35-42). Dit het dus 'n rukkie geduur voordat hulle volkome gehoor gegee het aan Jesus se woorde. Die belangrike is egter dat hulle wel gehoor gegee en Hom gevolg het, al moes hulle nog baie in die geloof groei. Johannes en Jakobus was Jesus se neefs van moederskant (Salome). Alhoewel dié vier eerste dissipels Jesus vroeër reeds geken het, word hulle nou geroep om volgelinge te word.

**1:21** Jerusalem was vir baie Jode te ver. Hulle kon dus nie gereeld daarheen gaan om in die tempel te gaan aanbid nie. Daarom het die meeste dorpe sinagoges gehad, wat nie net as plekke van aanbidding gedien het nie, maar ook as skole en kultuur sentrums. Reeds van die tyd van Esra af (om streeks 450 vC), was dit gebruik dat 'n groep van tien Joodse gesinne 'n sinagoge kon begin waar die seuns ook gedurende die week onderrig is in die Joodse godsdiens en wette. Dogters is nie in die skole toegelaat nie. Op die sabbat (Saterdag) het die mans dan daar bymekaargekom om te luister hoe die een of ander rabbi die Woord van God uitlê. Die leiers van die sinagoges het besoekende rabbi's dikwels genooi om die mense toe te spreek, aangesien daar geen vaste rabbi s by dié sinagoges was nie. Dit is waarom Jesus (en Paulus) so dikwels gepreek het in die dorpe waardeur hulle gereis het.

**1:21** Jesus het kort tevore van Nasaret af na Kapernaum verhuis(Matt 4:12, 13). Kapernaum was 'n besig en welvarende stad – ‘n baie ryk, maar ook sondige en dekadente plek. Dit is ook deur groot afdelings Romeinse soldate as hooftwartier gebruik en dit was duidelik dat die heidense invloede van oor die hele Romeinse Ryk sterk was. Dit was dus ook die ideale plek vir Jesus om die nuus van God se koninkryk aan Jode én nie-Jode te verkondig.

**1:22** Jesus beroep Hom nie op wat ander bekende rabbi's gesê het nie, maar gee sy eie uitleg. Daarom verskil Hy van die rabbi's van sy dag. Jesus het sy eie Goddelike gesag waarmee Hy optree.

**1:23** Wat is 'n bose gees? Dit is een van die maniere waarop die Satan 'n houvas op iemand kry. Bose geeste werk hard om mense te verlei om sonde te doen. Hulle is nie deur Satan geskape nie, want God is die Skepper van alle dinge. Die bose geeste is in staat om 'n mens doof, blind, stom of kranksinnig te maak, maar hulle was elke keer voor Jesus magteloos. God beperk dus hulle mag; hulle kan niks sonder sy toestemming doen nie. Die bose geeste is toegelaat om aktief onder die mense te werk tydens Jesus se aardse leeftyd, sodat sy mag en gesag oor hulle vir eens en altyd bewys kon word. Deur Jesus se koms word die oorwinning oor die Bose sigbaar voor almal se oë.

**1:23-27** Dit is duidelik dat die mens wat Markus hier beskryf, wél in die mag van 'n bose gees was. Markus lê groot klem op Jesus se konfrontasie met bose geeste, om aan te toon dat Hy oor hulle gesag gehad het. Hy vertel dus herhaaldelik van Jesus se konfrontasie met bose geeste. Dit is ook opvallend dat Hy nooit nodig gehad het om die bose geeste met die hulp van indrukwekkende rituele uit te dryf nie. Één woord van Hom was genoeg om Satan se mag oor 'n persoon te breek en die Bose te laat padgee.

**1:23-24** Volgens Markus se vertelling het die bose gees onmiddellik geweet dat Jesus die Seun van God is. Markus sluit hierdie gebeurtenis in sy boek in as 'n verdere bewys van Jesus se identiteit as Seun van God, want dit blyk duidelik hieruit dat selfs die geesteswêreld geweet het dat Hy die Messias is. Duiwelbesetenheid was immers Satan se poging om Jesus se werk en sending te fnuik en te dwarsboom.

**1:29-31** Die vier skrywers van die Evangelies, het elkeen vanuit 'n eie teologiese perspektief geskryf. Dit is waarom die klem by dieselfde verhaal kan verskuif as dit deur 'n ander skrywer vertel word. Ons lees in Matteus dat Jesus die vrou se hand geneem het. Hier lees ons weer dat Hy haar gehelp het om regop te sit. Lukas vertel

dat Hy die koors aangespreek, en dit haar dadelik verlaat het. Dit beteken nie dat die verskillende weergawes teenstrydig met mekaar is nie, maar slegs dat elke skrywer 'n ander deel van die verhaal beklemtoon of uitlig, omdat elkeen 'n eie doel het wat hy deur sy geskrif wou verkondig oor Jesus as die Gestuurde van die Vader.

**1:32-33** Die mense het na Jesus gekom toe dit al besig was om donker te word. Dit was die sabbat (1:21), die rusdag wat duur van sonsondergang Vrydag tot sonsondergang Saterdag. Dit was, volgens die Joodse leiers, verkeerd om op die sabbat genesing te soek (Matt 12:10; Luk 13:14). Die mense wou nie dié Joodse wet of die bepaling dat niemand op die sabbat mag reis, verbreek nie. Daarom het hulle tot sonsondergang gewag voordat hulle na Jesus gegaan het. Hulle was dus na sonsondergang vry om na Jesus te gaan soek en deur Hom genees te word.

**1:34** Hoekom wou Jesus nie hê dat die bose geeste sy ware identiteit moes bekendmaak nie?
(1) Sy bevel dat hulle moes stilbly, was nog 'n bewys dat Hy gesag oor hulle gehad het.
(2) Hy wou nie hê die mense moes op grond van bose geeste se getuienis glo dat Hy die Messias is nie, maar op grond van die dinge wat ^/gesê en gedoen het.
(3) Hy het geweet wanneer sy ware identiteit bekend gemaak moes word en Hy sou dit op sy tyd, en nie die Satan se tyd nie, bekend laat word.

**1:35** Jesus het tyd gemaak vir gebed. Markus vermeld drie keer dat Jesus bid (6:46; 14:32-42). Dit is nie altyd maklik om tyd vir gebed te maak nie, maar dit is nietemin die belangrikste skakel tussen ons en God. Daarom moet ons, soos Jesus, tyd maak om met God te praat.

**1:36-37** " Dié wat by hom was" verwys waarskynlik na die ander dissipels wat Jesus reeds op sy bevel gevolg het, naamlik Andreas, Jakobus, Johannes en moontlik ook Filippus en Natanael.

**1:39** Die Romeine het Palestina in drie streke verdeel, naamlik Galilea, Samaria en Judea. Galilea was in die noorde geleë, 'n landstreek sowat 96 kilometer lank en 48 kilometer breed. Jesus het hoofsaaklik in dié gebied gewerk en dit was 'n

interessante keuse, aangesien daar meer as 250 dorpe in Galilea was. Dit was dus nie eers vir Hom nodig om ver te loop om sy verlossingsboodskap te verkondig nie.

**1:40-41** 'n Melaatse man smeek Jesus om hom gesond te maak. Melaatsheid in Bybelse tye was nie dieselfde siekte as wat ons vandag as leprose ken nie. Melaatsheid was hoogs aansteeklik en die siekes moes op 'n afstand bly. Hulle is selfs met klippe gegooi en gedwing om buite die stad te bly. Hulle kon ook nie aan enige aktiwiteit in die samelewing deelneem nie. Jesus se optrede gaan teen die algemene bepalinge in en Hy vat aan die man in plaas daarvan om hom te vermy. Met Goddelike deernis sê Hy vir die man: Word gesond.

**1:43-44** Die Ou Testamentiese wette wat met melaatsheid te doen het, is opgeteken in Levitikus 13 en 14. 'n Melaatse wat gesond geword het, moes eers na 'n priester gaan en deur hom ondersoek word. Daarna moes hy/sy 'n dankoffer in die tempel gaan offer. Jesus het hierdie wette getrou nagekom en daardeur bewys dat ook Hy aan God se wet gehoorsaam is, toe Hy die melaatse beveel het om hom vir die priester te gaan wys. Daardeur het Hy ook verseker dat die hele gemeenskap sou weet van die wondergenesing. Jesus verbied hom egter om vir ander daarvan te vertel aangesien dié verberging van sy Messiasskap deel van sy lyding is. Genesing van melaatsheid was in elk geval deel van die Messias se werk as Hy sou kom.